

14 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 119:89-96
Fokusgedeelte: Psalm 119:89-96

Wat die Here sê, bied sekerheid

Ons daaglikse lewe is vol onsekerheid. Ons verlang na sekerheid. Ten spyte daarvan dat die digter in hierdie versgroep sê dat goddeloses gereed staan om hom te vernietig, spreek die toon hier (aan die begin van die tweede helfte van Ps. 119) van sekerheid en hoop.

God het Homself bekend gemaak. By Hom vind ons sekerheid en vastigheid – nou en vir die toekoms. Wat Hy sê, of dit bevele, getuïenisse, verordeninge of woorde in 'n algemene sin is, staan onbeweeglik vas. Die digter sê dit staan vir ewig in die hemel vas. Niks en niemand kan dit bykom, verander of vernietig nie. God het ook die aarde deur sy Woord geskep en laat dit onwankelbaar vas staan soos Hy bepaal het.

Ons kan ons verlustig in sy Woord. Daarsonder sou ons in ons ellende omgekom het (vs 92).

Die digter bid: *Ek behoort aan u, red my* (vs 94). Ons bely: my enigste troos is dat ek aan Jesus Christus behoort (HK 1:1). Ten einde ons te verlos, ons te laat deel in hierdie troos, moes Jesus Christus ons met sy kosbare bloed loskoop uit die mag van die sonde. In en deur Christus het God dus hierdie gebed van die digter verhoor – ook ten opsigte van ons. Hy het ons verlos. Ons behoort aan Hom.

Die een met wie Hy in 'n verhouding tree, laat die Here nooit weer los nie. Op sy trou kan ons reken. Dit bly staan van geslag tot geslag.

Dit is die boodskap van die Woord, dié boodskap wat vastigheid en sekerheid gee. Dit is aan ons toevertrou om ook aan ander te verkondig. Ons moet dit doen, sodat die getal van hulle wat die Here verkies het om saam met ons aan Hom te behoort, vol kan word.

Sing: Psalm 33:5, 6 (1936) of Psalm 33:4 (2001)

Ds. JH Jordaan (Vereeniging '95)